PIETERSBURG FOTOGRAFIE KLUB

GRONDWET

PIETERSBURG FOTOGRAFIE KLUB
GRONDWET

INHOUDSOPGAWE

Klousule	Onderwerp	p.
1	Naam & Logo	2
2	Regspersoonlikheid	2
3	Doelstellings en bedrywighede	2
4	Winste	3
5	Hoofkantoor	3
6	Lidmaatskap	3
7	Finansies	5
8	Bestuur	7
9	Kompetisies	8
10	Huishoudelike Reëls	8
11	Vergaderings	8
12	Grondwet	10
13	Wyse van kennisgewing	10
14	Ontbinding	10
15	Bates	11
16	Vrywaring	11

PIETERSBURG FOTOGRAFIE KLUB
GRONDWET

(SOOS GEWYSIG OP 17 MAART 2009)

LET WEL: HIERDIE GRONDWET VERVANG ALLE VORIGES EN IS GEWYSIG TYDENS DIE ALGEMENE JAARVERGADERING SOOS GEHOU OP 17 MAART 2009, TE POLOKWANE.

1. NAAM & LOGO

1.1 NAAM

Die naam van die Vereniging is PIETERSBURG FOTOGRAFIE KLUB. In hierdie Grondwet word die naam verkort na **PFK.**

In Engels mag daar ook na die Vereniging verwys word as *PIETERSBURG PHOTOGRAPHIC CLUB*, maar dit sal steeds in verkorte vorm na verwys word as **PFK.**

1.2 LOGO

Die PIETERSBURG FOTOGRAFIE KLUB sal die volgende letternaam of logo as sy amptelike kenteken gebruik:



2. REGSPERSOONLIKHEID

PFK is ‘n regsperoon wat onafhanklik van sy lede bestaan met die bevoegdheid om in eie naam regshandelinge aan te gaan en regte en verpligtinge na te kom deur middel van sy organe, naamlik die bestuur en die ledevergadering.

3. DOELSTELLINGS EN BEDRYWIGHEDE

3.1 PFK beywer hom hoofsaaklik vir die bevordering van fotografie en sal poog om belangstelling te wek en aan te wakker vir alle sake wat met fotogafie verband hou.

3.2 Ten einde die doelstelling te bereik, sal PFK geheel en al daarop gemik wees om bovermelde doelstelling te bevorder deur aktiwiteite en vergaderings te reël, lesings oor fotografie, demonstrasies, en uitstallings aan te bied, asook kompetisies te hou, of sodanige aktiwiteite as wat die Bestuur goed vind en om die belange van sy lede te bevorder.

3.3 PFK het nie winsbejag vir sy lede ten doel nie en enige winste wat dit mag maak, sal aangewend word vir die verwesenliking van voormelde doelstellings.

4. WINSTE

Geen winste of profyte mag aan enige persoon uitgekeer word nie, en die fondse mag uitsluitlik vir belegging of oogmerke waarvoor die Klub ingestel is, gebruik word.

5. HOOFKANTOOR

Die Hoofkantoor van PFK sal in die stad van Polokwane wees of op sodanige plek as wat die lede op ‘n Algemene Vergadering mag besluit.

6. LIDMAATSKAP

6.1 KWALIFIKASIE OM LIDMAATSKAP

Enige persoon wat die doelstellings en grondwet van PFK onderskryf en wat deur die Bestuur aanvaar word, sal geregtig wees op lidmaatskap van PFK.

6.2 TIPE LIDMAATSKAP

Voorsiening word gemaak vir die volgende tipes lidmaatskap:

6.2.1 Gewone Lid

Enige volwasse persoon wat deur die bestuur aanvaar is en in staat is om aan die aktiwiteite van PFK deel te neem en nie geklassifiseer is as ‘n lid soos bedoel in klousules 6.2.2 tot 6.2.6 hieronder nie.

6.2.2 Gesinslede

‘n Maksimum van twee (2) volwasse persone uit ‘n enkele huishouding en gesin wat deur die Bestuur aanvaar is en waar sulke persone in staat is om aan die aktiwiteite van PFK deel te neem.

6.2.3 Studente Lid

Enige minderjarige persoon wat deur die bestuur aanvaar is en in staat is om aan die aktiwiteite van PFK deel te neem en nie ‘n lid is soos bedoel in klousules 6.2.1, 6.2.2; 6.2.4 tot 6.2.5 hierin nie.

6.2.4 Erelid

Enige persoon wat na lang- en volgehoue- of besondere diens aan PFK deur die Bestuur voorgestel en tydens ‘n Algemene Jaarvergadering of Spesiale

Vergadering as Erelid aanvaar word. ‘n Erelid sal alle voordele van gewone lidmaatskap geniet, maar sal nie ledegeld betaal nie.

6.2.5 Ere-meester

As ‘n lid van PFK aan al drie die volgende vereistes voldoen het kan die bestuur na goeddunke die eretitel van Ere-meester aan hom toeken:

(i) Magisterstatus bereik het in die afdruk-; digitale fotografie-; of kleurskyfie afdeling; en
(ii) Vir ‘n onafgebroke tydperk van minstens sewe (7) jaar volgehoue en besondere diens gelewer het aan PFK en aan die bevordering van fotografie in die algemeen; en
(iii) Op die bestuur van PFK gedien het vir ‘n tydperk van minstens ses (6) jaar.

6.2.6 Stemreg van lede tydens ‘n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering

(i) ‘n Gewone lid het een (1) stem;
(ii) ‘n Gesinslede het twee (2) stemme per gesin, of te wel, een (1) stem per persoon;
(iii) ‘n Ere-lid het een (1) stem;
(iv) ‘n Ere-meester lid het een (1) stem;
(v) ‘n Studentelid het geen stem nie.

6.3 AANSOEK OM LIDMAATSKAP EN KONTAKBESONDERHEDE

6.3.1 Aansoek om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe vorm geskied, wat deur die aansoeker ingevul, onderteken en aan die Tesourier oorhandig moet word, saam met die voorgeskrewe intree- en jaarlikse ledegeld.

6.3.2 Die besonderhede verskaf deur die aansoeker word geag die *domicilium citandi et executandi* van die lid te wees ten opsigte van alle kommunikasie en kennisgewings. Dit is die lid se verantwoordelikheid om enige wysiging van sy/haar kontakbesonderhede skriftelik onder die aandag van die Sekretaris te bring op die voorgeskrewe vorm.

6.4 OORWEGING VAN LIDMAATSKAP

Die Bestuur sal die aansoek by die volgende Bestuursvergadering oorweeg en sal die reg hê om die aansoek aan te neem, af te keur of die datum van lidmaatskap uit te stel sonder om redes te verstrek.

6.5 BESLUIT OM AANVAARDING VAN LIDMAATSKAP

Die Sekretaris sal die aansoeker sonder verwyl van die Bestuur se besluit in kennis stel en die nuwe lid van ‘n afskrif van die Grondwet en Huishoudelike Reëls voorsien.

6.6 BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap sal verval indien die volgende aksies wat daartoe aanleiding mag gee, plaasvind:

6.6.1 Bedanking

As die lid sy/haar bedanking skriftelik indien.

6.6.2 Ledegeld

As ‘n lid se ledegeld meer as drie maande agterstallig is.

6.6.3 Gedrag

As ‘n lid se gedrag teenstrydig is met die Grondwet en indien die Bestuur so sou besluit.

6.6.4 Kennisgewing

Indien die Bestuur besluit om ‘n lid se lidmaatskap te beëindig. In so geval sal dit skriftelik geskied sonder verstrekking van redes.

6.6.5 Afsterwe

By afsterwe van ‘n lid.

7. FINANSIES

Die finansies van PFK sal soos volg behartig word:

7.1 INTREE- EN LEDEGELD

7.1.1 Vasstelling van ledegelde en intreegelde

(i) Die intreegelde en jaarlikse ledegeld sal tydens die Algemene Jaarvergadering vasgestel word met oorweging van ‘n begroting en beoogde uitgawes vir die komende jaar soos deur die Bestuur opgestel.
(ii) Enige affiliasiegelde betaalbaar aan die Fotografiese Vereniging van Suid Afrika (FVSA) word ingesluit by die jaarlikse ledegelde, en is gebaseer op die bedrae soos deur die FVSA bepaal.

7.1.2 Aansluiting gedurende die boekjaar

(i) Wanneer ‘n lid aansluit gedurende die eerste helfte van die boekjaar, (met ander woorde tussen 1 Februarie tot en met 31 Julie) betaal hy/sy volle ledegeld, wat enige FVSA affiliasiegelde insluit.
(ii) Wanneer ‘n lid aansluit gedurende die tweede helfte van die boekjaar, (met ander woorde tussen 1 Augustus tot en met 31 Januarie) betaal hy/sy die helfte van die ledegeld, plus enige FVSA affiliasie gelde.
(iii) Elke nuwe lid betaal volle intreegeld ongeag wanneer hy aansluit.

7.2 BOEKJAAR

Die boekjaar strek vanaf 1 Februarie tot 31 Januarie die daaropvolgende jaar.

7.3 FINANSIELE PLIGTE VAN DIE BESTUUR

7.3.1 Finansiële staat

(i) Die Bestuur sal aan lede verantwoordelik wees vir die behoorlike behartiging van PFK se geldsake en moet op die Algemene Jaarvergadering 'n finansiële staat voorlê, wat nie ge-ouditeeerde state insluit nie, maar behoorlik opgestel deur 'n bevoegde persoon en verkieslik onder toesig van 'n geregistreerde Rekenmeester.

(ii) Nieteenstaande die bepalings van klousule 7.3(i) hierbo, kan die Bestuur, op gemotiveerde versoek van 'n meerderheid van 66% van die opbetaalde lede tydens 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering, ge-ouditeerde finansiële state voorlê.

7.3.2 Boekhouding en Oudit

Die opstel van die jaarliks finasiële staat moet deur 'n bevoegde persoon buite die Bestuur gedoen word en onder toesig van 'n geregistreerde Rekenmeester.

7.4 BANKSAKE

Die bankiers van PFK sal geregistreerde finansiële instellings wees soos in wetgewing voorgeskryf en goedgekeur.

Fondse beskikbaar vir belegging mag slegs belê word by geregistreerde finansiële instellings soos in wetgewing voorgeskryf en goedgekeur

7.5 HANDELSAKTIWITEITE

PFK mag geen besigheid bedryf nie. Dit sluit in, onder andere, gewone handelsaktiwiteite, spekulatiewe transaksies asook die aankoop van eiendom met die bedoeling om huur inkomste daarvan te verkry.

7.6 TREKKINGS EN SPANDERING VAN FONDSE

Geen gelde en/of fondse sal uit PFK se rekening getrek en/of oorgeplaas word sonder die Tesourier en die Voorsitter se goedkeuring nie, met dien verstande dat die Bestuur verdere reëls en voorwaardes hieroor in die Huishoudelike Reëls kan neerlê.

7.7 MAANDSTAAT

Die Tesourier sal behoorlik boekhou van al PFK se geldelike transaksies en 'n staat van elke maand se inkomste en uitgawes by die Bestuursvergadering voorlê.

7.8 INSAE TOT FINANSIëLE INLIGTING

Indien drie of meer lede dit versoek, moet die boeke ter insae gestel word by die volgende maandelikse vergadering.

8. BESTUUR

8.1 AMPSBEKLEëRS VAN DIE BESTUUR EN MAANDELIKSE BESTUUR.

PFK sal tydens maandelikse vergaderings ooreenkomstig die Grondwet en Huishoudelike Reëls deur die volgende amptenare geadministreer en bestuur word, nl:

8.1.1 'n Voorsitter;
8.1.2 'n Ondervoorsitter;
8.1.3 'n Sekretaris;
8.1.4 'n Tesourier; en
8.1.5 Twee (2) tot sewe (7) addisionele lede; en
8.1.6 Uittredende Voorsitter (van die vorige jaar).

8.2 VERKIESING VAN BESTUUR

8.2.1 Die bestuur vir ampte soos in klousule 8.1.1 tot 8.1.5 hierbo vermeld, word jaarliks tydens 'n Algemene Jaar Vergadering verkies.

8.2.2 Die bestuur vir ampte soos in klousule 8.1.1 tot 8.1.5 hierbo vermeld, tree jaarliks uit en is herkiesbaar.

8.2.3 Indien 'n Uittredende Voorsitter versoek word om enige Bestuursvergadering by te woon soos in klousule 8.5.4 hieronder beoog, sal hy/sy geag word as lid van die Bestuur te wees en sal hy/sy oor volle stemreg beskik oor al die sake waaroor besluit word.

8.3 KWORUM TYDENS BESTUURSVERGADERINGS

Vyftig persent (50%) van Bestuurslede sal 'n kworum vorm by Bestuursvergaderings.

8.4 VOORSITTER STEM

By Bestuursvergaderings sal die Voorsitter sy gewone stem en by staking van stemme 'n beslissende stem hê.

8.5 NOMINASIE EN VERKIESING VAN VOORSITTER

8.5.1 Skriftelike nominasies vir die amp van Voorsitter moet voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering by die uittredende Voorsitter ingehandig word.

Nominasiebriewe moet deur beide die Voorsteller en Genomineerde onderteken word. ‘n Sekondant vir elke nominasie sal tydens die vergadering verkry word.

8.5.2 Die Voorsitter kan vir ‘n maksimum termyn van drie (3) agtereenvolgende jare verkies word, waarna hy vir ten minste ‘n periode van een (1) jaar, moet uittree as Voorsitter. Hy/sy is egter weer herkiesbaar na die periode hierbo vermeld.

8.5.3 ‘n Voorsitter wat uittree as Voorsitter van die Bestuur van die vorige jaar staan bekend as Uittredende Voorsitter (Die titel/amp is slegs van toepassing vir 1 jaar direk na afloop van sy uittrede as Voorsitter).

8.5.4 Ten einde kontinuïteit in die werksaamhede van die Bestuur en die nuwe Voorsitter te verseker, kan die Uittredende Voorsitter ook enige tyd direk na afloop van sy/haar termyn soos in klousule 8.5.2. beoog, deur die nuut verkose Bestuur gekoöpteer word, en word vir hierdie doel geag lid van die Bestuur te wees met stemreg soo enige ander lid van die Bestuur.

8.6 KOöPTERING

8.6.1 Die Bestuur sal die reg hê om ‘n lid of ‘n persoon of persone te koöpteer wanneer die belange van PFK dit vereis.

8.6.2 ‘n Gekoöpteerde lid sal sitting op die Bestuursvergadering hê, met ‘n adviserende stem slegs ten opsigte van die saak waarvoor hy gekoöpteer is.

9. KOMPETISIES

Die Bestuur sal kompetisies reël ooreenkomstig die huishoudelike reëls wat van tyd tot tyd geld.

10. HUISHOUDELIKE REëLS

10.1 Die Bestuur mag die huishoudelike reëls opstel en dit wysig.

10.2 Die helfte van die Bestuur plus een lid van die Bestuur sal ‘n kworum vorm waar Huishoudelike Reëls gewysig word.

10.3 Die Voorsitter het sy gewone stem waar Huishoudelike Reëls gewysig word, en by staking van stemme, het hy die beslissende stem.

11. VERGADERINGS

Vergaderings sal soos volg gereël word:

11.1 KLUB-VERGADERINGS

Die Bestuur moet ten minste een Klubvergadering per maand, uitgesonderd Desembermaand, reël, hetsy in die vorm van ‘n demonstrasie, lesing, kompetisie of gesellige funksie.

11.2 ALGEMENE JAARVERGADRING

11.2.1 Die volgende sake dien op die agenda van ‘n Algemene Jaarvergadering, nl:

(i) Behandeling van die finansiële state en die algemene verslag van die Voorsitter;
(ii) Die verkiesing van nuwe Bestuurslede;
(iii) Enige ander sake wat die Bestuur of enige lid op die Agenda wil plaas deur dit 14 dae voor die Algemene Jaarvergadering aan die Voorsitter te oorhandig.
(iv) Die vasstelling van ledegeld en intreegelde.

11.2.2 Kworum tydens Algemene Jaarvergadering.

Vyf-en-twintig persent (25%) van alle volopbetaalde lede met stemreg soos in klousule 6.2 bedoel, moet teenwoordig wees om ‘n kworum op die Algemene Jaarvergadering te vorm. Indien na dertig (30) minute geen kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag vir sewe (7) dae en die aanwesige lede sal dan ‘n kworum vorm op dieselfde tyd en plek.

11.2.3 Stemreg

Slegs volopbetaalde lede soos vermeld in klousule 6.2.7 hierbo mag stem.

11.3 SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

11.3.1 Op versoek van ten minste vier (4) Bestuurlede of 40% van die volopbetaalde lede, moet ‘n Spesiale Vergadering belê word.

11.3.2 Die aansoeker/s moet redes verstrek vir die hou van so ‘n vergadering.

11.3.3 Lede sal minstens 10 (tien) dae vooraf skriftelik kennis ontvang met ‘n afskrif van die agenda. Slegs die sake op die agenda kan op so ‘n vergadering behandel word.

11.3.4 Vyf-en-twintig persent (25%) van die volopbetaalde lede met stemreg soos in klousule 6.2 bedoel, moet teenwoordig wees om ‘n kworum op die Spesiale Algemene vergadering te vorm. Indien na dertig (30) minute geen kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag vir sewe (7) dae en die aanwesige lede sal dan ‘n kworum vorm op dieselfde tyd en plek.

11.3.5 Stemreg

Slegs volopbetaalde lede mag stem soos vervat in klousule 5.2.7 hierbo.

12. GRONDWET

12.1 WYSIGING VAN GRONDWET

Die Grondwet kan alleenlik gewysig word deur ‘n mosie wat op ‘n Spesiale Algemene Vergadering of Algemene Jaarvergadering aangeneem is.

12.2 KENNISGEWING VAN BEOOGDE WYSIGING

12.2.1 Die Sekretaris moet alle opbetaalde lede met stemreg soos in klousule 6.2 bedoel, ten minste tien (10) dae vooraf skriftelik in kennis stel van die datum en plek van die vergadering en die voorgestelde wysigings.

12.2.2 Enige wysiging aan die Grondwet moet aan die Suid Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

12.3 KWORUM TYDENS WYSIGING VAN GRONDWET

12.3.1 Vyf-en-twintig persent (25%) van die volopbetaalde lede met stemreg soos in klousule 6.2 bedoel, sal ‘n kworum vorm.

12.3.2 Indien na dertig (30) minute geen kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag vir sewe (7) dae en die aanwesige lede sal dan ‘n kworum vorm op dieselfde tyd en plek.

13. WYSE VAN KENNISGEWING

Enige kennisgewing van enige aktiwiteite en/of vergaderings hierin verwys, ingesluit skriftelike kennisgewings, kan deur middel van die volgende wyses geskied, nl:

13.1 per pos na die lid se laaste bekende posadres; of
13.2 per hand afgelewer aan die lid by sy laaste bekende woonadres; of
13.3 per elektroniese media na die lid se laaste bekende kontakbesonderhede, wat insluit:

13.3.1 faksimilee; en/of
13.3.2 elektroniese pos (“*e-mail*”) *via* die Internet; en/of
13.3.3 elektroniese kort boodskap diens (“*SMS*”) *via* selfone.

14. ONTBINDING

Die besluit tot ontbinding moet op ‘n Spesiale Algemene Vergadering geneem word.

15. BATES

By ontbinding sal alle onbestede fondse en alle apparaat verkontant word. Die oorblywende bates van PFK sal aangewend word om enige skulde wat daar mag wees, te vereffen en die restant sal oorgeplaas word na ‘n ander vereniging of organisasie met oogmerke soortgelyk aan die van PFK wat ook vrygestel is van die betaling van inkomstebelasting (soos vereis deur die Suid Afrikaanse Inkomstediens).

16. VRYWARING

16.1 Elke lid van PFK vrywaar PFK ten opsigte van enige siviele eis wat teen PFK ingestel mag word deur enige persoon of instansie hoegenaamd, welke eis direk of indirek die gevolg is van ‘n handeling of doen en late deur sodanige lid.

16.2 Lede onderneem voorts om enige studie of werk ten aansien waarvan daar die moontlikheid bestaan dat sodanige studie of werk deur die Publikasieraad verbied mag word, eers aan die Publikasieraad vir goedkeuring voor te lê, alvorens die lid toelaat dat dit op ‘n vergadering van PFK of op enige ander wyse hoegenaamd vertoon of gepubliseer word.